

# Bekyk vlaktes vir oulaas voordat hy vroeg inkruip

**Terwyl die laatmiddagverkeer op die N12 verbydreun, en 'n trein met waens vol ystererts onderdeur dié treinbrug klater, rig die son 'n laaste verblindende oog oor die Noord-Kaapse vlaktes tussen Kimberley en Riverton. Vir hierdie eerste week in April, waarin die son net ná 18:00 agter die horison verdwyn, word 'n gemiddelde minimum temperatuur van 15 °C vir Kimberley voorspel, met 'n gemiddelde maksimum van 28 °C; vir Upington 15 °C en 30 °C; en vir Kuruman 13 °C en 28 °C.** FOTO: JACQUES JANSEN VAN VUUREN

## Hoofartikel

# Kinders bou met kromgetrekte stene

**Dink 'n bietjie: Is daar 'n straat in jou dorp sonder 'n slaggat; 'n stukkende of omgeryde lamppaal; stukkende sypaadjie-randstene; verstopte stormwaterslote; 'n waterlek; 'n foutiewe verkeerslig of gesteelde stopstraatteken; of 'n hoop rommel?**

Is daar 'n straat waarin jy nie daagliks minagting van verkeersreëls waarneem nie – of waar jy jouself nie dalk daaraan skuldig maak nie?

Dit word algemeen aanvaar dat 'n kind se grootwordplek die raamwerk is waarvolgens die kind na alle verwagting sy lewe gaan bou.

Binne hierdie raamwerk word waardes, beginsels, filosofieë en gewoontes gekweek, en word rolmodelle nagevolg.

"Ek probeer my kind vertel dit het nie altyd so gelyk nie," skryf 'n leser onlangs op die Facebook-blad na aanleiding van nog 'n Noord-Kaapse dorp wat deur sy munisipale bestuur gefaal is.

Hoe verkeerd is dit nie dat vandag se jeug in hierdie munisipale wanorde grootword nie? Dat hulle soveel wat deur plaaslike rade nagelaat word, en ook die vergrype, as "oukei" aanvaar?

Dit wat 'n dorpskind direk buite sy huis beleef en waarneem, is in die meeste gevalle deur die plaaslike raad verpak en saamgestel.

Hoe jammer tog dat baie van hierdie kinders gaan leer om dié voorbeeld te volg.

Juis om hierdie rede moet plaaslike rade hul rol met veel meer verantwoordelikheid speel.

Volgens die webwerf van die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika lei swak dienslewering en die swak bestuur van rade tot die verswakking van bronne, al hoe minder werksmoontlikhede en swakker lewensomstandighede.

Dienslewering is die algehele omvangryke pakket – van die beskikbaarheid van veilige waterbronne, gesondheidsdienste, bruikbare paaie en werkende straatligte tot verkeersbeheer, rommelverwydering, riolering, instandhouding en die omsien na munisipale parke en geriewe vir vryetydbesteding.

## Juweeltjie

### kimberliet

**S.NW**

■ 'n Gesteente wat in vertikale vulkaniese pype voorkom en soms diamante bevat. 'n Afleiding van die pleknaam Kimberley, omdat dié gesteente veral by hierdie diamantmyne voorkom.

**– Bron: *HAT Taal- en feitegids*; besoek ook die Facebook-blad VivA Afrikaans.**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24
NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 083-543-2471 of 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

## Twyfelhoekie

# Voosheid kan met wilsbesluit krag word

HANNES NOËTH

**Toe hy my die dag vertel van sy dogter, het die trane oor sy wange geloop.**

Sy het slag op slag beleef, kort ná mekaar, krisis op krisis.

Hy probeer vir my verduidelik en sluit af met: "Sy is voorwaar van voosheid aanmekaargeweef."

'n Mens kry mos daardie tye in jou lewe dat die een aanslag op die ander volg.

Ons ken dit.

Dan kry 'n mens daardie mense wat ekstra tragedie op tragedie beleef.

'n Mens wonder hoe hou hul krag en energie, moed, geloof en hoop.

Inderdaad, soos die jong vroutjie is baie mense van voosheid aanmekaargeweef.

Sy was voos met die lewe, met besluite, met keuses, met seerkry.

Sy was moeg dat haar ouers haar moes dra en help en vashou deur alles heen.

Hy het nie omgegee nie.

Vir hom as vader was dit 'n groot voorreg, maar vir haar was die voosheid te veel.

Sy het net ingegee.

Tot sy eendag opgestaan het en, eintlik verbasend, baie krag getoon het.

Sy het besluit al het die lewe hoeveel klappe uitgedeel, sy hoef nie in voosheid te bly lê nie.

In een van die gesprekke, nadat sy herstel en opgestaan het, praat ek met haar oor haar pa se stelling dat sy aanmekaargeweef is van voosheid.

"Ja," antwoord sy.

"Ek het die swaar na alle kante gehad, maar in my voosheid het ek ook krag leer ken, en genade en hoop.

"Ek het daarin leer leef.

"My voosheid het my krag geword.

"Ek wou opstaan."

Sy het.

## Potpourri

# 'Dankie' dalk jou taak

KARIN MULLER

**Sy skryf 'n paar woorde op 'n vierkantige, geel plakpapiertjie en plak dit bo-op die dagboek.**

Uit die hoek van haar oog sien sy my raak.

"Dit is vir môre se bank toe gaan," verduidelik sy.

Ek het reeds my handsak oor my skouer en die motorsleutels in my hand.

Ek stap nader en lees haar nota.

"Onthou om die kontant in die kluis te bank. Dankie vir jou moeite."

Sy glimlag toe sy die ligte frons op my voorkop gewaar.

"Gaan jy nie altyd self bank toe nie?" vra ek. "Of het jy môre verlof?"

Werknemers voel soms hulle kry nie altyd die erkenning wat hulle verdien nie. Soms werk hulle met die uitsluitlike doel om iewers 'n klop op die skouer te kry. 'n Dankie. 'n Ek-is-trots-op-jou. 'n Ek-is-dankbaar-jy-werk-hier.

Geen werkgewer wil op 'n gereelde grondslag dankie sê vir werk waarvoor 'n salaris betaal word nie.

Baie werkgewers voel 'n salaris is genoeg, en nog enige heuning om die mond is onnodig en tydrowend.

Min werknemers verwag dat hulle gereeld op die skouer geklop moet word. Maar iewers verwag hulle darem 'n blyk van waardering.

"Hier word so min dankie gesê dat ek my eie nota skryf om vir myself dankie te sê," sê sy laggend.

Hopelik is dit nie vir jou nodig om jou eie dankie op 'n plakpapiertjie te skryf nie.

Indien wel, skryf dit met oorgawe en met trots: "Dankie vir jou moeite."

## Kameeldoring

# Aanstap, Rooyes

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Die Rooy-span moes huis oppak. Pastoriestraat 12 is verruil vir 'n ander pastorie in 'n voorstad waar Rooy-mamma aanvanklik nie eens haar voete wou sit nie.**

Haar vooropgestelde beeld van die dorp ter sprake was net 'n plek vol stof en sand, en lukrake geraamtes van hemelhoë, geroeste myntoerusting. Droewig en droog.

Genadiglik het haar nuuskierigheid die oorhand gekry en het sy besluit om haar stereotipiese gedagtes uit te daag. Ná een besoek was sy verlief op die dorp se mense en sy boomrykheid.

'n Maand later het die Rooy-span se huistyd uit "weggooi of inpak?", drank- en Pep-bokse en rolle en rolle kleefband bestaan.

Rooy-dominee was opnuut verbaas oor die hoeveelheid drank wat die dorpsmense afsluk. Tog was Mamma dankbaar vir elke Johnnie Walker- en Stella Artois-boks.

Ná 'n misverstand en 'n aand se noodgedwonge uitkampeer in die "ou huis", het die lorries vroeg die volgende oggend by die huis parkeer. Die huisinhoud was een en 'n halwe vrag.

Die Rooyes het met hul uittog hul tuiste van ses jaar van gat tot gat gegroet. Die nuwe huis was met aankoms vol blomme, kruideniersware en mense.

'n Verwelkomingskomitee het die Rooy-span ingewag.

Kort voor donker hang die slaapkamers se gordyne rofweg en elkeen het 'n kooiplek.

Laataand, tussen stapels toegeplakte bokse, dank sy die Here vir die gesin se nuwe tuiste – selfs al ry 'n mens die dorp mynhope langs in.